

Nuusbrief 4 7 Februarie 2017  
 Saamgestel deur Wilna van Rooyen  
 083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

**In hierdie uitgawe:**

- Bl. 1** Buitmuurse rooster  
Kaskardag 18-02
- Bl. 2** Waterfees 3 Febr  
Teetuin 18 Febr  
Poppedag/kas 10-02
- Bl. 3** Belangrike datums  
Matte te koop!
- Bl. 4** My school  
Te veel te vroeg  
Kinders en respek

**Buitemuurse rooster (opgedateer):**

Liewe Ouers,

Ons voorsien graag die opgedateerde buitemuurse aktiwiteite se rooster aan u.

Laat weet asseblief indien u enige bykomende inligting benodig!

Die aktiwiteite is, soos voorheen genoem, opsioneel.



**Kaskardag 18 Februarie 2017:**

Op Saterdag 18 Februarie vind ons jaarlikse kaskardag plaas.

Die borgvorms is aan u voorsien, vra asseblief dat opa, ouma, familie en vriende die **donasielys** sommer gou vol maak! Ons hoop om ons badkamers met die fondse op te gradeer, indien ons genoegsame fondse insamel.

**Al ons maatjies neem deel**—gr. 000, 00 en 0. Dis 'n heerlike geleentheid, waarna u gerus oupas en oumas, familie en vriend kan uitnooi.

Daar is 'n optog waaraan ons deelneem, die maatjies ry dan 'n paar rondtes. Die gr. 000 ry met klein plastiese motor-fietsies, die gr. 00 maatjies ry met groot plastiese motor-fietsies en die gr. 0 maatjies ry met die kaskarre. Een maatjie bestuur en twee maatjies stoot.

Dis **groot pret** wat deur groot en klein geniet word!

Die borg/donasielys, met die donasiegeldjies moet asb. voor of op 5 Maart by die skool wees.







## Water- en Waatlemoenfees 3 Februarie:

Baie dankie aan juffrou Karin vir die reël van die heerlike prettdag! Ons maatjies het dit met oorgawe geniet!!!

Baie dankie aan al ons juffrouens vir die aktiwiteite wat hul aangebied het.

Ons maatjies het ballonne geskiet met spuitbottels, mure geverf met water, sponse vol water gedra en ander emmers vol gemaak, op die springkasteel geklouter, in skeerroom geteken, oor 'n hindernisbaan beweeg en smaaklik waatlemoene geëet!!

Dit was 'n ware fees!!!!



## Teetuin 18 Februarie:

Baie dankie aan elkeen vir al die bydraes wat ons al vir die teetuin ontvang het! Ons waardeer vreeslik baie!

Vul asseblief jou naam in die tydgleuf wat jou pas op die vorm, wat by die uittekenregisters beskikbaar is, in.

Dis lekker om vir 'n half uurtjie in die teetuin te werk en ander ouers beter te leer ken.



## Poppedag 10 Februarie:

Op Vrydag 10 Februarie mag ons maatjies enige poppe, mannetjies of robotte skool toe bring, waarmee hul gedurende vryspel tye mag speel.

## Poppekas 10 Februarie:

Ons is so gelukkig dat Puppetales ons eerste professionele poppekas van die jaar kom aanbied!

Ons betaal die koste hiervoor uit ons begroting.

Dit is altyd 'n treffer, wat uitbundige genot aan die maatjies voorsien!!!



## Belangrike datums:

**10 Februarie:**

**Poppedag**—enige poppe of mannetjies

**Poppekas**—09:30 aangebied deur Puppetales!!!

**13 Februarie:**

Broeikas by die skool—eiers broei uit!

**14 tot 17 Februarie:**

Informele, natuurlike foto's van ons kleuters, deur Neville Coetzee

**18 Februarie:**

**KASKARDAG!!!!**



## Snoepiebestellings:

Indien u kossies in die week, of dalk 'n lekkernytjie op 'n Vrydag, vir die kleuters wil bestel, kan u dit direk by Angie doen, per e-pos:

Bestelling moet asb. vroegtydig geplaas en betaal word.:

[angie@drehmo.co.za](mailto:angie@drehmo.co.za)

**Bankbesonderhede is:**

Mufasa's Den, Nedbank, 1087 629 527, 198765,

**Verwysing:** Kind se naam en graad

## Matte te koop!:

Ons het die oulikste fantasiematte vir kinders te koop!

Die karretjiematte is beskikbaar teen R320 elk (in die winkels kos dit R360) en die "Fairyland" mat (wat nie eers in winkels beskikbaar is nie!) teen R300 elk.

Die matte is fantastiese geskenke en kan hier by die skool gekoop word.

Groot dank aan Lynne Ferreira, wat hierdie wonderlike geleentheid vir ons skep.







## 'My school' vorms:

Vul asseblief die 'My school' vorm in, sodat u 'n kaart kan kry, wat u tot voordeel van die skool kan gebruik.

Die vorms is aan u gestuur, maar daar is ook vorms by Wilna of Colette in die kantoor beskikbaar.

Dit help die skool indien u van die 'My school' kaarte gebruik maak, by al die winkels waar dit betrokke is.

**Baie dankie** vir u hulp in dié verband!

## Te veel te vroeg? (Baba en kleuter Oktober 2014)

Daar is geen goue reël vir hoeveel gestruktureerde stimulasie 'n kleuter nodig het nie. Hoewel 'n kleuter se brein groei namate hy vinnig nuwe begrippe leer, beteken dit nie hy het konstante interaksie en stimulasie nodig en dat ouers van die een aktiwiteit na die volgende moet rondskarrel nie.

*Liana Morrison*, 'n opvoedkundige sielkundige van Hermanus, meen verskillende kinders het verskillende vlakke van stimulasie nodig. Party het meer interaksie nodig, terwyl ander stiller omgewings verkies. Kinders leer om sin te maak van hul innerlike- en buitewêreld; waar hul besluite kan neem oor watter aktiwiteit hul wil aanpak, waar hul hul ondervindinge verwerk en probleme kan oplos, deur ongestruktureerde spel.



## Kinders en respek:

Kinders wat respek vir hulle pa's het se sondes word versoen. Kinders wat respek vir hulle pa's het, maak hulleself skatryk. Kinders wat respek vir hulle pa's het, se kinders sal eendag hulle harte bly maak; die dag as hulle vir die Here iets vra, sal Hy dit vir hulle gee.

*Ben Sirag 3:3-5, Apokriewe boeke*

Baie dankie!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen

